# 'N PROFIEL VAN STEDELIKE WIT AFRIKAANS-SPREKENDES IN DIE POSTAPARTHEIDERA: POLITIEKE HOUDINGS EN PERSEPSIES

**Liezel Korf**[1] **en Johan Malan**[2]

**Summary**

**A profile of urban Afrikaans-speaking whites in the post-apartheid era**

The purpose of this study was to investigate the social identity of a group of urban Afrikaans-speaking whites. Variables such as their degree of political conservatism, political identity, and their attitude towards the political changes in the country were investigated. The study was conducted approximately three years after the 1994 general election. Findings show that the majority of the sample hold predominantly negative attitudes towards the socio-political changes in the country, and perceive themselves to be politically rather conservative. They prefer a culturally based ethnic identity to a politically based one. They perceive that there is more of a threat to their well-being as group members (i.e. safety, security and discrimination) than to the survival of their group identity and language.

## INLEIDING

Die sosio-politieke verandering wat die postapartheidsbedeling in Suid-Afrika ingelei het, het 'n omvattende herrangskikking van die sosiale orde behels. Die status- en magsverhoudings tussen groepe wat in die apartheidsera bestaan het, is feitlik omgekeer. Enige sodanige verandering in die dinamika tussen groepe kan potensieel 'n impak hê op die identiteit van individue daarbinne (Christian et al. 1976). Volgens Giliomee (1992) het die sosio-politieke veranderinge waarmee veral wit Afrikaanssprekendes met die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling gekonfronteer is, 'n omvangryke hersiening van identiteit vereis. Hierdie studie fokus op die ervaring van 'n groep stedelike wit Afrikaanssprekendes in die vroeë post-apartheid Suid-Afrika. Die studie is vanuit twee teoretiese oogpunte benader, naamlik die Sosiale Identiteitsteorie (Tajfel 1978; 1981) en Breakwell (1983; 1986) se teorie van bedreiging van identiteit. Sosio-politieke verandering lei binne altwee hierdie teoretiese benaderings tot 'n potensiële bedreiging van etniese identiteit. Daar is verskeie hanteringsmeganismes tot die individu se beskikking om hierdie bedreiging, of 'n negatiewe sosiale identiteit, te hanteer. In hierdie artikel word hoofsaaklik die beskrywende deel van 'n meer omvattende studie gerapporteer ten

1 Departement Sielkunde, Vista Universiteit, Silverton.
2 Departement Psigologie, PU vir CHO, Vaaldriehoekkampus.

einde lig te werp op die profiel van die ondersoekgroep ten opsigte van 'n aantal veranderlikes. Die doel van die meer omvattende studie was om die keuse van hanteringsmeganismes in reaksie op 'n bedreigde identiteit te ondersoek (Korf 1999). Die veranderlikes wat in hierdie artikel bespreek word, is ingesluit as voorspellerveranderlikes van hierdie twee aspekte op grond van teoretiese en logiese oorwegings. Die ontleding van hierdie voorspellingsveranderlikes opsigself bied egter waardevolle inligting ten opsigte van dié groep stedelike wit Afrikaanssprekendes.

Daar is in die eerste plek verwag dat respondente se politieke oriëntasie 'n invloed sou hê op hul reaksie op die sosio-politieke veranderinge in die land. Politieke partye aan die meer konserwatiewe kant van die politieke spektrum was oorwegend gekant teen die politieke verandering wat tot die postapartheidsbedeling aanleiding gegee het. Daar is dus verwag dat hul ondersteuners 'n meer negatiewe houding teenoor die veranderinge sou openbaar, en moontlik 'n groter mate van bedreiging vir hul identiteit sou ervaar.

Die Sosiale Identiteitsteorie (Tajfel 1981) suggereer veral twee dimensies van die statushiërargieë in die samelewing wat individue se reaksie op 'n potensieel negatiewe sosiale identiteit sou kon beïnvloed, naamlik die waargenome stabiliteit en legitimiteit daarvan. Wanneer individue die statushiërargieë as onlegitiem en onstabiel ervaar, het dit potensieel negatiewe implikasies vir hulle sosiale identiteit en mag hulle gemotiveerd wees om die situasie te verander. Die waargenome stabiliteit van statusverhoudings bepaal of daar kognitiewe alternatiewe tot die bestaande statusverhoudings tot die individu se beskikking is. Kognitiewe alternatiewe verwys na die persepsie dat statusverhoudings tussen groepe onstabiel is tot dié mate dat die omgekeerde van bestaande statusverhoudings denkbaar is. Die waargenome legitimiteit van statusverhoudings verwys na die mate waartoe individue die statushiërargieë, asook die reëls, instellings en gebruike wat daarmee gepaard gaan, as toepaslik en moreel regverdigbaar ervaar (De La Rey 1991; Munro 1995). Dié twee aspekte loop dikwels hand aan hand. 'n Onstabiele sisteem van sosiale verhoudinge sal ook makliker as onlegitiem waargeneem word as een wat stabiel is. 'n Sisteem wat as onlegitiem beskou word, bevat ook die potensiaal vir onstabiliteit. 'n Statushiërargie wat as onlegitiem en onstabiel gesien word, laat die grootste ruimte vir kognitiewe alternatiewe. Wanneer die individu dus ervaar dat die status- en magsposisie van die binnegroep binne die bestaande statushiërargieë bedreig word, kan dit tot optrede aanleiding gee om die situasie vir die groep te verbeter.

In Suid-Afrika was die status- en magsverhoudings tussen groepe in die apartheidsera besonder duidelik omlyn en selfs statutêr beskerm. Tekens van onstabiliteit was egter reeds 'n geruime tyd voor die aanbreek van die nuwe politieke bedeling teenwoordig in die vorm van grootskaalse opstande teen die beleid van

apartheid. Hierdie tekens van onstabiliteit is dikwels met mag onderdruk. In terme van legitimiteit het die statusverhoudings nooit werklik legitimiteit onder die meerderheid burgers van die land, of die internasionale gemeenskap geniet nie. Wit Afrikaanssprekendes se persepsie van die legitimiteit van die vorige politieke bedeling was waarskynlik meer positief. Respondente se persepsies van die legitimiteit en stabiliteit van die post-apartheid politieke bedeling is in die lig van bostaande teoretiese oorwegings ondersoek.

Met die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling is die historiese status- en magsverhoudings ontwrig en is groepe se status- en magsposisies feitlik omgekeer. In terme van die Sosiale Identiteitsteorie verleen die status- en magsverhoudings in die samelewing daaraan 'n onderskeibare struktuur wat 'n belangrike invloed het op die sosiale identiteit van individue daarbinne. Enige verandering in hierdie verhoudings sou dus ook implikasies hê vir sodanige individue. Respondente se evaluering van die status en mag van wit Afrikaanssprekendes ten tye van die studie, relatief tot voor die 1994 verkiesing, is bepaal ten einde vas te stel tot watter mate hulle die sosio-politieke veranderinge ook as 'n verandering in die status en mag van hul groep ervaar het.

Rodriguez en Gurin (1990) maak 'n onderskeid tussen 'n politieke en kulturele etniese identiteit. Sommige individue se identifikasie met hul etniese groep berus sterker op politieke oorwegings, terwyl dié van ander weer op kulturele sentimente gebaseer is. Die outeurs het bevind dat die keuse van 'n politieke of kulturele etniese identiteit verband hou met die wyse waarop individue op die status van hul groep in die samelewing reageer. Dit het dus potensiële implikasies vir die ervaring van bedreiging en die keuse van hanteringstrategieë, en is om hierdie rede as veranderlike in die studie ingesluit.

'n Verdere veranderlike wat 'n rol kon speel in wit Afrikaanssprekendes se reaksie op sosio-politieke verandering is ondersoek, naamlik hul ervaring van 'n bedreiging vir hul etniese identiteit. Een van die potensiële gevolge van ingrypende sosio-politieke verandering soos wat in Suid-Afrika plaasgevind het, is dat dit die ervaring van bedreiging tot gevolg het. Liebkind (1983:191) beskryf die verband tussen sosiale verandering en identiteit soos volg: "The closer a person comes to having to construe himself in a new and alien manner (as compared with the present identity system) the more likely he is to feel threatened." Binne Breakwell (1986) se benadering konstitueer sosiale verandering 'n potensiële bedreiging vir identiteit omdat dit enige van of al drie identiteitsbeginsels, naamlik kontinuïteit, onderskeibaarheid en eiewaarde kan ophef. Die rede waarom sosiale verandering die mag het om dit te doen, is die betekenis wat deur ideologie, retoriek en propaganda as sosiale beïnvloedingskanale aan bewegings van die individu in die sosiale

matriks gekoppel word. Breakwell beweer gevolglik dat 'n begrip van die onderliggende ideologie van kardinale belang is vir 'n begrip van die bedreiging en hanteringstrategieë wat daarteen aangewend word. Sosiale verandering kan aanleiding gee tot bedreigde identiteite aangesien dit die kontinuïteit, eiewaarde en onderskeibaarheid van identiteite kan aantas.

Die konseptualisering van 'n bedreiging vir identiteit in hierdie studie is primêr benader vanuit die perspektief van Breakwell se teorie van bedreiging en identiteit, asook sommige aspekte van die Sosiale Identiteitsteorie (Tajfel 1978). Breakwell (1986) meen dat daar veral drie beginsels is wat die ontwikkeling van identiteit rig, naamlik kontinuïteit, eiewaarde en onderskeibaarheid. Dit kan beskou word as 'n stel sosiaal bepaalde kriteria waarteen identiteit geëvalueer word.

Dit is eerstens vir individue belangrik dat hul identiteite kontinuïteit oor tyd toon. Hierdie aspek blyk duidelik uit die sentraliteit van die konsep in die meeste definisies van identiteit (Erikson 1968; Gleason 1983; Lian 1982; Weinreich 1983). Dit is voorts vir individue belangrik dat hul identiteite vir hulle 'n gevoel van onderskeibaarheid sal gee. 'n Aantal ander teoretici (bv. Brewer 1991; Lau 1989; Liebkind 1992; Robbins 1992; Rodriguez & Gurin 1990) ondersteun die beginsel dat 'n gevoel van onderskeibaarheid 'n belangrike identiteitsbeginsel is. Individue het enersyds 'n behoefte om as individue onderskeibaar te wees, maar andersyds ook dat die groepe waaraan hulle behoort onderskeibaar van ander groepe moet wees. Die tweede beginsel wat Breakwell (1986) identifiseer, verwys na 'n sin van positiewe selfwaarde, wat impliseer dat dit wenslik is dat 'n spesifieke identiteit positief bydra tot 'n individu se eiewaarde. Hierdie beginsel stem ook ooreen met die basiese aannames van die Sosiale Identiteitsteorie (Tajfel 1978), naamlik dat individue streef na 'n positiewe eiewaarde, ook met betrekking tot hul groeplidmaatskappe. 'n Verandering in die sosiale struktuur wat 'n impak het op groeplidmaatskap kan volgens Breakwell 'n potensiële bedreiging vir identiteit wees omdat dit enige van hierdie identiteitsbeginsels aantas.

Hierdie identiteitsbeginsels is duidelik histories ook vir wit Afrikaanssprekendes belangrik. Die behoefte aan onderskeibaarheid as groep was trouens een van die vernaamste boustene van Apartheid. Legum en Legum (1964:17) definieer "Afrikanerdom" as "the systematic expression of an exclusively Afrikaans-speaking political, cultural and social movement, committed to preserving its uniqueness by establishing its hegemony over the whole country". In die postapartheidsera is die takelwerk van Apartheid rondom die groepidentiteit verwyder, en mag dit moeilik wees om onderskeibaarheid as groep te behou. Wat kontinuïteit betref, het die posisie van wit Afrikaanssprekendes ingrypend verander sedert die aanbreek van die postapartheid politieke bedeling. Die verandering van 'n regerende groep tot 'n

politieke minderheid en die gevolge van hierdie verandering vir hul posisie in die status- en magshiërargieë in die samelewing, kan 'n breuk in kontinuïteit meebring.

Die sosio-politieke verandering kon ook 'n potensiële bedreiging vir die beginsel van eiewaarde inhou, aangesien die groep nie langer in die posisie van status en mag is wat hulle voorheen beklee het nie. Die Waarheids- en Versoeningskommissie het ten tye van die studie verskeie gruweldade wat in die Apartheidsera gepleeg is, onthul. Regstellende aksie lei daartoe dat hulle groeplidmaatskap potensieel 'n nadeel word in die arbeidsmark. Al drie hierdie identiteitsbeginsels kon dus potensieel bedreig word ten tye van die studie.

Daar is ook 'n aantal ander dimensies waarop bedreigings van mekaar kan verskil. Breakwell (1986) maak 'n verdere onderskeid tussen 'n bedreiging van die inhoud van identiteit aan die een kant, en die evaluering van 'n identiteit aan die ander kant. 'n Bedreiging vir die inhoud van identiteit sou impliseer dat die beskrywings wat met 'n bepaalde identiteit geassosieer word, verander. 'n Bedreiging vir evaluering sou beteken dat 'n identiteit wat voorheen 'n positiewe evaluering geniet het, nou 'n negatiewe evaluering geniet weens sosio-strukturele verandering. Die waarde van die identiteit word dus bevraagteken. Sodanige ervaring kan 'n fundamentele bedreiging vir identiteit konstitueer, mits die individu die legitimiteit van die nuwe waardekonnotasies aanvaar (Breakwell, 1983).

Sommige teoretici maak voorts 'n onderskeid tussen 'n simboliese en 'n materiële bedreiging vir identiteit (Branscombe et al. 1993; Breakwell 1983; Grant 1992). Simboliese aspekte verwys onder meer na taal- en kultuuroorwegings, terwyl 'n materiële bedreiging slaan op ekonomiese hulpbronne, welvaart en status. Bornman (1995) het bevind dat wit Afrikaanssprekendes in die oorgangstydperk na 'n postapartheid politieke bedeling 'n simboliese bedreiging as belangriker as materiële bedreigings beskou het. In Hofmeyr (1990) se studie het die wit Afrikaanssprekende respondente wat van voorneme was om te emigreer, 'n afname in die sekuriteit van hul families as die belangrikste rede genoem, gevolg deur 'n bedreiging vir hulle sosiale en kulturele lewenswyse, en 'n afname in hul lewenstandaard. Hofmeyr kom tot die gevolgtrekking dat vrese rondom sekuriteitsaangeleenthede, en kulturele en materiële aspekte bykans ewe belangrik is vir wit Afrikaanssprekendes. In die studie van Manzo en McGowan (1992) was daar 'n duidelike hiërargie van faktore wat deur hul steekproef van wit Afrikaanssprekende elite as bedreigend beskou is. Hoe meer direk die impak van 'n verskynsel op die persoonlike sekuriteit van individue en hul eiendom beskou is, hoe meer bedreigend is die verskynsel beoordeel. Daar is dus nie eenstemmigheid in die literatuur oor die vraag of wit Afrikaanssprekendes 'n groter simboliese of materiële bedreiging ervaar nie.

Die meting van bedreiging in hierdie studie is hoofsaaklik gebaseer op die drie identiteitsbeginsels van onderskeibaarheid, kontinuïteit en eiewaarde. 'n Vierde aspek, naamlik 'n bedreiging vir lewenskwaliteit, is ook bygevoeg, wat na praktiese aspekte soos diskriminasie, finansiële sekuriteit, persoonlike veiligheid en regstellende aksie verwys.

Breakwell (1986) beweer dat die mate waartoe en tempo waarteen identiteit aangepas word in reaksie op verandering, onder meer 'n funksie is van hoe negatief dié veranderinge beleef word. Dit skyn dus redelik te wees om te aanvaar dat individue se houdings teenoor die politieke veranderinge in die land 'n invloed sal hê op hul ervaring van bedreiging en hul keuse van hanteringstrategieë in 'n nuwe politieke bedeling. Bevindinge ten opsigte van bostaande veranderlikes in die ondersoekgroep word vervolgens gerapporteer.

## METODOLOGIE

### Steekproef

'n Ewekansige, gestratifiseerde steekproef van 250 respondente is geselekteer uit die bevolking van wit Afrikaanssprekendes binne die munisipale grense van Pretoria, Centurion en Akasia. Die steekproef is gestratifiseer volgens voorstad, geslag en ouderdom ten einde so ver moontlik die gegewens soos verkry in die 1991 sensusgegewens, te reflekteer (Sentrale Statistiekdiens 1991). Die gerealiseerde steekproef het uit 247 respondente bestaan, waarvan 49,2% mans en 50,8% vroue was, teenoor 49,6% mans en 50,4% vroue in die universum. Chi-kwadraatontledings het getoon dat daar ten opsigte van ouderdom, geslag en opvoedkundige kwalifikasie geen beduidende verskille was tussen die verwagte proporsie respondente in elke kategorie volgens die sensusgegewens, en die proporsie in die gerealiseerde steekproef nie.

### Prosedure

'n Vraelys is persoonlik deur 'n veldwerker by geselekteerde respondente afgelewer, en weer op 'n afgesproke tyd afgehaal. Hulp is aangebied met die voltooiing van die vraelys, maar vraelyste is anoniem voltooi.

### Meetinstrument

'n Aantal skale is saamgevoeg in 'n saamgestelde meetinstrument. Die skale wat relevant is vir die doeleindes van dié artikel word vervolgens bespreek.

**Politieke konserwatisme**

'n Meting van die mate van politieke konserwatisme het 'n subjektiewe beoordeling van die individu se posisie in die politieke spektrum behels. Individue moes hulself posisioneer op 'n skaal tussen polities "links" en "regs". Hierdie metode is ook deur Mattes (1994:14) gebruik. Geen spesifieke politieke partye is aan die skaal gekoppel nie, aangesien dit die navorser se subjektiewe persepsie van die partye se posisie op die kontinuum sou afdwing. Skaalpunte het gewissel van 1 ("Links") tot 11 ("Regs"). 'n Hoë telling dui dus op groter politieke konserwatisme.

**Waargenome verandering in die status en mag van die Afrikaner in die nuwe politieke bestel**

Die status en mag van die Afrikaner as groep in die samelewing ten tye van die studie, relatief tot hul status en mag vóór die algemene verkiesing in 1994, is ook by wyse van 'n elfpuntskaal bepaal. Respondente moes reageer op die vraag, "Indien u terugdink aan die STATUS van Afrikaners in die samelewing voor die verkiesing, waar sou u hul HUIDIGE STATUS op die volgende skaal plaas?". In die daaropvolgende vraag is "STATUS" vervang met "MAG". Respondente moes hul response aandui op twee geskakeerde kontinua met die pole "Baie laer" en "Baie hoër" as ankerpunte. 'n Lae telling sou daarop dui dat respondente die status en mag van die groep as baie laer as voor die 1994-verkiesing beoordeel.

**Waargenome legitimiteit en stabiliteit van die postapartheid politieke bestel**

Die volgende twee skale sluit aan by bostaande meting. Individue beoordeel die status- en magsverhoudings binne die samelewing hoofsaaklik op twee dimensies, naamlik die stabiliteit en legitimiteit daarvan. Respondente is dus gevra om die postapartheid politieke bestel te beoordeel ten opsigte van die stabiliteit en legitimiteit daarvan onderskeidelik. Respondente is gevra om te reageer op die vraag "Hoe LEGITIEM ervaar u die huidige politieke bestel?" In die daaropvolgende vraag is "LEGITIEM" vervang met "STABIEL". Respondente moes hul reaksie aandui op twee geskakeerde kontinua met die pole "Uiters onlegitiem/Uiters legitiem" en "Uiters onstabiel/Uiters stabiel" onderskeidelik as ankerpunte. 'n Lae telling dui daarop dat respondente die politieke bestel ten tye van die studie onderskeidelik as oorwegend onlegitiem en onstabiel beoordeel het.

**Politieke versus kulturele identifikasie met die Afrikaner as groep**

Op grond van Rodriguez en Gurin (1990:241) se onderskeid tussen 'n politieke en kulturele etniese identiteit is 'n meting ingesluit om vas te stel of respondente met die Afrikaner op politieke of kulturele vlak identifiseer. Respondente se keuse is as digotome veranderlike in verdere ontledings gebruik.

**Ervaring van bedreiging**

'n Skaal wat die ervaring van bedreiging vir etniese identiteit meet, is vir die doeleindes van die studie saamgestel. Teoreties is die skaal ontwikkel om vier onderliggende dimensies te meet, naamlik 'n bedreiging vir onderskeibaarheid, kontinuïteit en eiewaarde van etniese identiteit, asook vir lewenskwaliteit. Faktorontleding het egter getoon dat twee faktore duidelik onderskei kon word, naamlik 'n ervaring van 'n bedreiging vir die eiesoortige voorbestaan van identiteit (wat die teoretiese skale van onderskeibaarheid en kontinuïteit kombineer) en welstand as groeplid (wat die teoretiese subskale van eiewaarde en lewenskwaliteit kombineer). Hierdie twee faktore is vir die doeleindes van verdere ontledings as die subskale van die instrument beskou. Dit totaaltelling op die skaal, asook die tellings op die twee subskale, is gebruik om die mate van bedreiging wat respondente ervaar het aan te dui, waar 'n hoë telling 'n hoë mate van bedreiging aandui. Die totale skaal het 'n alfa-koëffisiënt van 0,768 gelewer, terwyl die subskale koëffisiënte van 0,822 en 0,745 onderskeidelik getoon het.

**Houding teenoor politieke verandering**

Die houding van die steekproef jeens die sosio-politieke veranderinge wat gelei het tot die postapartheid politieke bedeling, is gemeet by wyse van 'n semantiese differensiaal soos deur Malan et al. (1994) ontwikkel. Die skaal het in die studie van Malan et al. 'n alfakoëffisiënt van 0,762 gelewer, terwyl 'n alfakoëffisiënt van 0,962 in die huidige studie gevind is. Die semantiese differensiaal bestaan uit 15 bipolêre items ten opsigte waarvan respondente die sosio-politieke veranderinge in die land moes beoordeel. 'n Höe totaaltelling dui op 'n positiewe houding teenoor die veranderinge.

## RESULTATE

**Politieke konserwatisme**

Die gemiddelde telling van die steekproef wat politieke konserwatisme betref, was 7,98 op 'n skaal van "links" (1) tot "regs" (11). Dit wil dus voorkom of die

deelnemers aan die steekproef hulself oor die algemeen meer aan die regterkant van die politieke spektrum geposisioneer het. Geen politieke partye is aan die skaal gekoppel nie en individue se subjektiewe interpretasie van die links/regs kontinuum is dus hier gemeet, eerder as die ondersteuning vir bepaalde politieke partye.

### Waargenome verandering in status en mag

Op 'n elfpuntskaal met die pole "Baie laer" (1) en "Baie hoër" (11) as ankerpunte, was die gemiddelde skaaltellings vir status en mag 3,54 en 3,45 onderskeidelik. Respondente het dus ervaar dat beide die status en mag van wit Afrikaanssprekendes verlaag het in die nuwe politieke bedeling.

### Waargenome legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel

Ten opsigte van hierdie veranderlikes was die gemiddelde tellings op 'n skaal van een tot elf 4,62 en 3,38 vir legitimiteit en stabiliteit onderskeidelik. 'n Lae skaalpunt verteenwoordig lae waargenome stabiliteit en legitimiteit. Dit wil dus voorkom asof die politieke bestel ten tye van die studie meer legitiem as stabiel ervaar is, maar dat beide die eienskappe oorwegend negatief beoordeel is.

### Politieke versus kulturele identiteit

Respondente is gevra om aan te dui of hulle sterker met die Afrikaner identifiseer op politieke of kulturele gebied. Die meerderheid respondente (78,94%) het 'n kulturele identifikasie verkies, teenoor 16,59% wat 'n politieke identifikasie verkies het. Sowat 4,45% van respondente het nie die vraag beantwoord nie, of beide alternatiewe gekies, wat hul response onbruikbaar maak.

### Ervaring van bedreiging

Die gemiddelde telling van die steekproef op die subskale van onderskeibare kontinuïteit en welstand was 15,561 (standaardafwyking 6,908) en 38,672 (standaardafwyking 7,964) onderskeidelik. Tellings kon teoreties wissel tussen 0 en 36 en tussen 0 en 54 vir die twee subskale. Die gemiddelde itemtelling vir die eiesoortige voortbestaanskaal was 2,59 en dié vir die welstandskaal 4,29, waar 1 'n afwesigheid van bedreiging en 6 die hoogste mate van bedreiging verteenwoordig. 'n T-toets vir onafhanklike steekproewe het bevestig dat dié twee tellings beduidend verskil ($t = -34{,}38$; $p = 0{,}00$). Dit blyk dus dat respondente 'n groter mate van bedreiging vir hul welstand as groeplede ervaar as vir die eiesoortige voortbestaan van hul groeplidmaatskap. Anders gestel, die meerderheid deelnemers aan die steekproef was nie besonder bekommerd oor die voortbestaan van wit Afrikaans-

sprekendes as groep, of hul taal en kultuur nie. Hulle het dit egter negatief beleef om 'n lid van die groep ten tye van die studie te wees. Die feit dat die oorspronklike teoretiese dimensies van die skaal verminder moes word tot twee faktore, suggereer dat die dimensies van onderskeibaarheid en kontinuïteit konseptueel nóú verweef is met mekaar. Praktiese aangeleenthede wat hul lewenskwaliteit raak, was weer sterk gekoppel aan eiewaarde as groeplid.

## Houding teenoor politieke veranderinge

Ten opsigte van die spesifieke items van hierdie skaal word die gemiddelde tellings van die steekproef op 'n skaal van 1 tot 7 in tabel 1 gerapporteer. 'n Neutrale beoordeling sou 'n itemtelling van 4 gelewer het.

**TABEL 1 Gemiddelde itemtellings - Houding teenoor politieke verandering**

| Item | Bipolêre ankerpunte | Gemiddelde itemtelling |
|---|---|---|
| 1 | Goed/Sleg* | 5,20 |
| 2 | Regverdig/Onregverdig | 5,20 |
| 3 | Gewens/Ongewens | 5,10 |
| 4 | Bedreigend/Gerusstellend | 2,70 |
| 5 | Gevaarlik/Veilig | 2,50 |
| 6 | Gewelddadig/Vreedsaam | 2,70 |
| 7 | Verstandig/Onverstandig | 5,30 |
| 8 | Goedgesind/Wreed | 4,80 |
| 9 | Welkom/Onwelkom | 5,00 |
| 10 | Waardeloos/Waardevol | 2,83 |
| 11 | Bevrydend/Verslawend | 4,78 |
| 12 | Vooruitgang/Agteruitgang | 5,63 |
| 13 | Onbeheerbaar/Beheerbaar | 2,69 |
| 14 | Onnodig/Nodig | 3,13 |
| 15 | Vreugdevol/Angswekkend | 5,43 |

* *Die eerste pool het telkens 'n waarde van 1 en die tweede pool 'n waarde van 7*

Tabel 1 toon dat response ten opsigte van die meeste items nader aan die negatiewe pool geleë is. Respondente se houding teenoor politieke veranderinge was dus oorwegend negatief. Die gemiddelde telling van die steekproef was 43,49 (standaardafwyking = 19,85) waar 'n telling van 7 'n volkome negatiewe houding, en 105 'n volkome positiewe houding teenoor politieke veranderinge sou weerspieël.

'n Faktorontleding van hierdie skaal het die volgende faktorladings opgelewer:

**TABEL 2 Faktorladings - Houding teenoor politieke verandering**

| Item | Faktorladings | |
|---|---|---|
| | 1 | 2 |
| 1. Goed/Sleg | **0,712** | 0,427 |
| 2. Regverdig/Onregverdig | **0,683** | 0,487 |
| 3. Gewens/Ongewens | **0,744** | 0,448 |
| 4. Bedreigend/Gerusstellend | 0,258 | **0,850** |
| 5. Gevaarlik/Veilig | 0,338 | **0,863** |
| 6. Gewelddadig/Vreedsaam | 0,312 | **0,845** |
| 7. Verstandig/Onverstandig | **0,762** | 0,347 |
| 8. Goedgesind/Wreed | **0,567** | 0,535 |
| 9. Welkom/Onwelkom | **0,793** | 0,327 |
| 10. Waardeloos/Waardevol | **0,776** | 0,348 |
| 11. Bevrydend/Verslawend | **0,748** | 0,256 |
| 12. Vooruitgang/Agteruitgang | **0,795** | 0,361 |
| 13. Onbeheerbaar/Beheerbaar | 0,559 | **0,598** |
| 14. Onnodig/Nodig | **0,767** | 0,298 |
| 15. Vreugdevol/Angswekkend | **0,687** | 0,522 |

Tabel 2 toon dat twee faktore uit die skaal onttrek kon word. Die meerderheid van die items het op die eerste faktor gelaai, wat 43,33% van die variansie in die skaal verklaar het. Drie items het duidelik op 'n tweede faktor gelaai, wat 29% van die variansie verklaar het. Die negatiewe pole van hierdie drie items was naamlik bedreigend, gevaarlik en gewelddadig. Die beheerbaar/onbeheerbaar teenpole het ook sterker op hierdie faktor gelaai, maar het 'n bykans ewe sterk lading op die eerste faktor getoon. Die item met die negatiewe teenpool "wreed" het ook 'n sterk lading op beide faktore getoon. Dit wil dus voorkom of daar in die beoordeling van die politeke verandering in die land twee dimensies onderskei kon word. Die eerste is 'n beoordeling wat skynbaar meer vanaf 'n afstand geskied, en sluit terme in soos byvoorbeeld nodig/onnodig, verstandig/onverstandig, gewens/ongewens. Daar is egter ook 'n dimensie waar 'n onderliggende kwaadwilligheid aan die verandering toegeskryf word, en wat die individu meer direk raak, soos verteenwoordig deur die items op die tweede faktor.

**Korrelasies tussen veranderlikes**

Die interkorrelasies tussen bostaande veranderlikes word in tabel 3 gerapporteer.

**TABEL 3 Interkorrelasies tussen veranderlikes**

| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| POLITIEKE KONSERWATISME | 1 | | | | | | | |
| VERANDERING IN STATUS (2) | -0,18 | 1 | | | | | | |
| VERANDERING IN MAG (3) | -0,07 | 0,36 | 1 | | | | | |
| LEGITIMITEIT (4) | -0,31 | 0,40 | 0,21 | 1 | | | | |
| STABILITEIT (5) | -0,30 | 0,36 | 0,24 | 0,60 | 1 | | | |
| BEDREIGING: EIESOORTIGE VOORTBESTAAN (6) | 0,29 | -0,09 | 0,07 | 0,07 | 0,10 | 1 | | |
| BEDREIGING: WELSTAND (7) | 0,17 | -0,25 | -0,04 | -0,25 | -0,26 | 0,29 | 1 | |
| HOUDING: POLITIEKE VERANDERING (8) | -0,57 | 0,26 | 0,15 | 0,46 | 0,57 | 0,36 | -0,26 | 1 |

Cohen (1988:83) evalueer die effekgrootte van 'n korrelasiekoëffisiënt (r) soos volg:

Klein effek: r = 0,10 - 0,29.
Medium effek: r = 0,30 - 0,49.
Groot effek: r = ≥ 0,50.

Daar sal in die bespreking veral gefokus word op die korrelasies wat 'n medium tot groot effekgrootte het. Respondente se houding teenoor politieke veranderinge het beduidend met 'n aantal ander veranderlikes in die studie verband gehou. Meer polities konserwatiewe individue het die politieke veranderinge ook meer negatief beleef (r = -0,57). Positiewe houdings teenoor politkeke verandering het verder, soos verwag kon word, verband gehou met groter waargenome legitimiteit (r = 0,46) en stabiliteit (r = 0,57) van die politieke bestel. 'n Negatiewe houding teenoor politieke verandering het dus gepaard gegaan met persepsies van onlegitimiteit en onstabiliteit van die politieke bestel.

Politieke konserwatisme het gepaard gegaan met persepsies van lae legitimiteit (r = -0,31) en stabiliteit (r = -0,30) van die politieke bestel. Die waargenome verandering in status van wit Afrikaanssprekendes as groep het positief met die beoordeling van die waargenome legitimiteit (r = 0,40) en stabiliteit (r = 0,36) van

die politieke bestel gekorreleer. Hoe laer die huidige status van die groep relatief tot voor die 1994-verkiesing ervaar is, hoe meer onlegitiem en onstabiel is die politieke bestel dus beoordeel. Die waargenome verandering in mag het egter nie so sterk met dieselfde veranderlikes gekorreleer nie. Dit wil voorkom of respondente die status van die groep tot 'n groter mate aan die politieke bestel in die land gekoppel het as die mag van die groep. Die korrelasie tussen die waargenome status en mag van die groep was 0,36. Hoewel status- en magsverhoudings redelik sterk gekoppel word in die Sosiale Identiteitsteorie, wil dit voorkom of dit in hierdie steekproef tog tot 'n mate van mekaar onderskei word. Daar was 'n sterk korrelasie tussen die waargenome legitimiteit en stabiliteit van die politieke bestel (r = 0,60).

Die ervaring van bedreiging op die twee vlakke soos deur die subskale van die Bedreigingskaal verteenwoordig, het nie op dieselfde wyse met die ander veranderlikes hier ter sprake verband gehou nie. Die ervaring van 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van identiteit het positief met politieke konserwatisme (r = 0,29) en die houding teenoor politieke verandering gekorrelleer (r = 0,36). Hoewel die korrelasies nie besonder sterk is nie, toon die rigting van die korrelasies dat diegene wat 'n bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van hul etniese groep ervaar, 'n meer positiewe houding teenoor politieke veranderinge handhaaf en polities meer linksgesind is.

'n Hoë vlak van bedreiging vir welstand as groeplid, aan die ander kant, is geassosieer met 'n negatiewe houding teenoor die politieke verandering (r = -0,26), waargenome onlegitimiteit (r = -0,25) en onstabiliteit (r = -0,26) van die politieke bestel, 'n negatiewe openbare kollektiewe selfkonsep (r = -0,40) en die ervaring van 'n verlaging in die status van die groep (r = -0,25).

**Verskille tussen subgroepe**

Volgens Cohen (1988:40) impliseer 'n statisties betekenisvolle t-toets nie noodwendig dat die resultaat ook prakties betekenisvol is nie. Hy het gevolglik kriteria vir die effekgrootte van beduidende verskille daargestel. In die geval van die t-toets word die d-waarde gebruik wat soos volg bereken word:

$$d = \frac{|\bar{X}_1 - \bar{X}_2|}{S_{maks}}$$

$S_{maks}$ verwys na die grootste van die standaardafwykings van die betrokke groepe. Volgens Cohen kan die volgende kriteria vir die evaluering van die effekgrootte by die t-toets vir onafhanklike groepe gebruik word:

Klein effek: d = 0,2 tot 0,49.
Medium effek: d = 0,5 tot 0,79.
Groot effek: d ≥ 0,8.

Verskille tussen subgroepe ten opsigte van die kategoriese veranderlikes in die studie is volgens hierdie kriterium beoordeel.

**Politieke vs kulturele identiteit**

'n Ontleding van respondente wat 'n kulturele, teenoor 'n politieke etniese identiteit verkies, toon dat hierdie groepe beduidend verskil ten opsigte van 'n aantal veranderlikes. Slegs verskille tussen dié twee groepe wat beide statisties én prakties betekenisvol is in terme van Cohen (1988) se kriterium word in tabel 4 gerapporteer.

**TABEL 4 Verskille tussen subgroepe met politieke versus kulturele identiteit as verdeler**

| Veranderlike | Polities (n=41) | | Kultureel (n=195) | | t | p | d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | x | s.a. | x | s.a | | | |
| Kwalifikasie | 6,240 | 1,410 | 7,310 | 1,759 | -3,651 | 0,000 | 0,608 |
| Politieke konserwatisme | 8,878 | 2,249 | 7,762 | 2,384 | 2,747 | 0,006 | 0,468 |
| Legitimiteit | 3,316 | 3,041 | 4,945 | 2,920 | -3,106 | 0,002 | 0,536 |
| Stabiliteit | 2,366 | 1,984 | 3,619 | 2,573 | -2,936 | 0,004 | 0,487 |
| Houding: politieke verandering | 33,037 | 17,358 | 45,411 | 18,902 | -3,854 | 0,000 | 0,655 |

Tabel 4 toon dat respondente wat 'n politieke affiliasie met wit Afrikaanssprekendes as groep verkies, polities meer konserwatief was en meer bedreig gevoel het as respondente wat 'n meer kultureel-gebaseerde identiteit geopenbaar het. Eersgenoemde groep het ook die huidige politieke bestel as minder legitiem en stabiel ervaar as laasgenoemde groep en 'n meer negatiewe houding teenoor sosiopolitieke verandering getoon. Respondente met 'n polities-gebaseerde identiteit het verder beduidend laer opvoedkundige kwalifikasies gehad.

## BESPREKING

Die groot mate van politieke konserwatisme onder die steekproef is opmerklik. Die bevinding kan moontlik verband hou met die geografiese gebied of die tydsraamwerk waarbinne die studie uitgevoer is. Pretoria is tradisioneel bekend as 'n meer konserwatiewe stad (Humphries, Schlemmer & Stack 1990; Munro 1995) as byvoorbeeld Kaapstad. Die verlies aan politieke mag wat die algemene verkiesing sowat twee jaar vantevore vir die groep teweeggebring het, mag ook bydra tot 'n meer regse posisionering in die politieke spektrum. Die bevinding moet egter ook gesien word teen die agtergrond van die veranderlike ter sprake. Konserwatisme as persoonlikheidseienskap gaan gepaard met 'n groter ekstremiteit van houdings oor die algemeen (Chueng & Kwok 1996; Peterson et al. 1993). Individue wat van nature konserwatief is, sal dus geneig wees om, ook wat hul subjektiewe politieke posisionering betref, 'n meer ekstreme posisie in te neem as individue wat minder konserwatief is. Meer liberale individue sal op hul beurt 'n minder ekstreme telling op die skaal kies. Hierdie verskynsel mag verder bydra tot die skeefheid van die verspreiding van tellings op dié skaal.

Die navorsers was die negatiewe verband tussen politieke konserwatisme en die houding teenoor politieke veranderinge te wagte. Meer konserwatiewe wit Afrikaanssprekendes het oor die algemeen nie saamgestem met die sosio-politieke veranderinge wat die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling sou beteken, waarin hulle politieke mag drasties verminder sou word nie. Hulle sou dus ook meer negatiewe houdings teenoor dié veranderinge huldig. Dit maak verder sin dat meer konserwatiewe individue die politieke bestel as minder legitiem en stabiel beoordeel het as meer liberale respondente, aangesien eersgenoemde groep meer gekant was teen die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling.

Dit is duidelik dat die respondente oorwegend ervaar het dat beide die status en mag van dieAfrikaner as groep ten tye van die studie laer was as vóór die 1994-verkiesing. Die waargenome verlaging in status het egter sterker met respondente se beoordeling van die stabiliteit en legitimiteit van die politieke bestel verband gehou as die verandering in mag.

Die ervaring van 'n verlaging in die status en mag van die Afrikaner as groep in die samelewing, relatief tot die vorige politieke bedeling, bevestig dat sosio-politieke verandering 'n impak het op individue se subjektiewe ervaring van hul groep se posisie in die sosiale matriks. In die lig van die Afrikaner se rol in die politieke arena vóór en ná die 1994-verkiesing was die ervaring van 'n verlaging in die status en mag van die Afrikaner as groep verstaanbaar. Hierdie bevinding dui ook op 'n ervaring van progressiewe relatiewe veragtering, waar 'n groep se huidige

posisie swak vergelyk met hul posisie vantevore (Anon. 1997; Ehlers et al. 1996; Manzo & McGowan 1992; Research Surveys 1998).

Volgens Turner en Brown (1978) veronderstel die Sosiale Identiteitsteorie dat individue waarskynlik tevrede sal wees met die heersende sosiale ordeningstelsel, tot dié mate dat die statushiërargie daarbinne impliseer dat groeplidmaatskap positief geëvalueer word. Verder is 'n lae groepstatus meer aanvaarbaar wanneer die toewysingsprosedure tot dié groep as legitiem gesien word (Ellemers et al. 1992). Dit blyk dat die verband tussen die ervaring van 'n verlaging in status en mag van die groep en die beoordeling van die politieke stelsel as oorwegend onlegitiem en onstabiel die aannames van die Sosiale Identiteitsteorie ondersteun. Die moontlike redes vir die verband word veral duidelik wanneer die noue historiese verbintenis tussen die Afrikaner en die staat in ag geneem word. Weens hierdie verbintenis kan verwag word dat politieke veranderinge en die gepaardgaande verlies aan politieke beheer 'n invloed sou hê op die Afrikaners se siening van hulself binne die status- en magshiërargieë van die samelewing. Die beoordeling van die status en mag van die groep het nie sterk verband gehou met die sterkte van binnegroepidentifikasie nie. Individue wat nie sterk met die groep identifiseer nie, het dus óók 'n verlaging in die status en mag van die groep ervaar.

Die persepsie van die politieke bedeling as relatief onlegitiem en onstabiel is nie vreemd in die lig van vorige bevindings nie. 'n RGN-opname in 1996 ten opsigte van kontemporêre sosio-politieke vraagstukke het getoon dat blankes minder geneig was om die Regering van Nasionale Eenheid (RNE) as legitiem te ervaar as ander rassegroepe (Ehlers et al. 1996). Binne dié groep het Afrikaanssprekendes as geheel die RNE ook as minder legitiem ervaar as Engelssprekendes. Verdere ontledings het getoon dat ondersteuners van regse politieke partye die minste legitimiteit aan die RNE heg. Hierdie bevinding word ondersteun deur die positiewe verband tussen politieke konserwatisme en persepsies van onlegitimiteit en onstabiliteit wat in die huidige studie gevind is.

Afrikanerskap is histories feitlik onlosmaaklik verweef met 'n politieke identiteit. Dit is in die lig hiervan dus opvallend dat die meerderheid van die respondente hulself ten tye van die studie eerder op kulturele vlak met die groep geassosieer het. Dit mag wees dat daar in die postapartheidbedeling 'n dissosiasie van die politieke terrein plaasgevind het, aangesien wit Afrikaanssprekendes nie meer 'n sentrale posisie in die regering beklee nie. Hulle wend hul gevolglik tot 'n meer kultureel-gebaseerde identiteit, aangesien 'n polities-gebaseerde identiteit nie meer moontlik is of 'n positiewe waardekonnotasie inhou nie. Respondente kon dus weens die afname in politieke mag van die groep terugtrek na die kulturele sfeer en hulself eerder op hierdie basis met die groep assosieer.

Dit wil verder voorkom of die onderskeid tussen 'n politieke en kulturele etniese identiteit 'n sinvolle onderskeid is om te maak, aangesien dit beduidend verband hou met van die ander veranderlikes in die studie. Dit maak sin dat individue wat 'n politieke affiliasie verkies, polities meer konserwatief is, asook dat sodanige individue die politieke bestel as minder legitiem en stabiel ervaar het as diegene met 'n kultureel-gebaseerde identiteit, en 'n meer negatiewe houding teenoor sosio-politieke verandering getoon het. Hul politieke platform het tot 'n groot mate verkrummel, en 'n polities-gebaseerde identiteit het 'n onsekere identiteit geword (Duckitt 1991). Respondente met 'n polities-gebaseerde identiteit het verder beduidend laer opvoedkundige kwalifikasies gehad. Die verklaring hiervoor mag wees dat hierdie individue nie sekuriteit in hul persoonlike opvoedkundige kwalifikasies het nie en dus in die meer "openbare" politieke identiteit sekuriteit vind, in ooreenstemming met Ellemers et al. (1988) se bevindinge.

Dit blyk dat die steekproef se ervaring van bedreiging op verskillende vlakke verskil. Hulle was oor die algemeen nie besonder besorg oor die voortbestaan van hul taal en kultuur nie en het skynbaar sterk gevoel daaroor dat die groep as onderskeibare entiteit sal voortbestaan. Dit was vir hulle 'n oorwegend negatiewe ervaring om lid van dié groep ten tye van die studie te wees. Dit is egter moontlik dat die differensiële ervaring van bedreiging op die twee vlakke 'n hanteringstrategie in reaksie op die bedreiging is. Breakwell (1986) verwys hierna as die hersiening van die belangrikheid van identiteitsbeginsels, wanneer een beginsel ter wille van ander opgeoffer word. In hierdie geval sou individue hul positiewe ervaring van groeplidmaatskap opoffer ter wille van die eiesoortige voortbestaan van die groep. Hulle aanvaar dus, in Breakwell se terminologie, dat die groeplidmaatskap nie langer aan die beginsel van eiewaarde voldoen nie, verlaag die belangrikheid van hierdie beginsel, en lê eerder klem op die beginsels van kontinuïteit en onderskeibaarheid. Breakwell noem dat, wanneer die beginsel van eiewaarde spesifiek bedreig word, individue hul aandag kan fokus op 'n ander identiteitselement en die waarde daarvan verhoog. Indien kontinuïteit vir individue byvoorbeeld belangriker is as eiewaarde, sal hulle liewer in 'n groep met 'n lae status bly, al het dit negatiewe implikasies vir hul eiewaarde, net om nie die ontwrigting van die kontinuïteit van hul identiteitstruktuur te moet hanteer nie. Dit mag een van die redes wees vir die verskil in gemiddelde tellings op die subskale van bedreiging.

Met verwysing na die onderskeid tussen 'n simboliese en materiële bedreiging, verwys die eiesoortige voortbestaanskaal tot 'n groot mate na 'n simboliese bedreiging. Dit behels aspekte soos die voortbestaan van Afrikaans, die onderskeibare identiteit van en trots in die groep. Die welstandskaal, daarenteen, kan tot 'n groot mate gesien word as verteenwoordigend van 'n materiële bedreiging. Dit verwys na

aspekte soos diskriminasie, regstellende aksie, finansies, sekuriteit en die praktiese implikasies en evaluering van Afrikanerwees in Suid-Afrika. Die groter mate van bedreiging wat deur respondente ten opsigte van laasgenoemde subskaal ervaar is, suggereer dat Afrikaners ten tye van die studie tot 'n groter mate 'n materiële as 'n simboliese bedreiging ervaar het. Dit beteken egter nie dat die een vorm van bedreiging noodwendig minder *belangrik* geag word nie, en mag trouens juis dui op die belangrikheid van 'n simboliese bedreiging vir die groep, aangesien hulle daarop aandring dat die groep wel 'n eiesoortige voortbestaan sal kan handhaaf. Dat hulle wel 'n materiële bedreiging ervaar, is egter duidelik.

Wat die verband van die ervaring van bedreiging met ander veranderlikes in die studie betref, blyk dit dat polities meer liberale respondente wat 'n positiewe houding teenoor die politieke veranderinge handhaaf, ook van mening is dat die groep nie as 'n onderskeibare groep sal kan voortbestaan nie. Die meerderheid van die steekproef was egter polities meer konserwatief, het 'n meer negatiewe houding teenoor die politieke bestel gehandhaaf, en het dus ook minder van 'n bedreiging op hierdie vlak ervaar. Dit is byna asof sterk identifikasie met die groep en teenstand teen die sosio-politieke veranderinge in die land respondente noop om daarop aan te dring dat hul groep wél sal voortbestaan.

Daar is verskeie veranderlikes wat die persepsie van bedreiging kan beïnvloed. Milburn en Watman (1981), asook Lazarus en Folkman (1984) beweer dat 'n gevoel van beheer oor die situasie 'n belangrike bemiddelende veranderlike in die persepsie van bedreiging is en dat onvoorspelbare of onbeheerbare bedreigings as besonder negatief beleef word. 'n Bedreiging afkomstig van 'n bron wat 'n lae status geniet word verder ook meer negatief beleef. Wanneer individue egter selfvertroue of vertroue in die persone in beheer van die situasie het, sal die persepsie van bedreiging verminder (Milburn & Watman 1981). Wanneer die response van respondente op bepaalde items van die houding teenoor politieke veranderinge in ag geneem word, blyk dit dat respondente die politieke verandering as oorwegend buite hul beheer ervaar het. Die beoordeling van die politieke bestel as oorwegend onlegitiem en onstabiel suggereer verder dat hulle nie oormatige vertroue in die regering ten tye van die studie gehad het nie. In hierdie studie het respondente wat 'n positiewe houding teenoor die politieke veranderinge huldig, 'n groter bedreiging vir die eiesoortige voortbestaan van identiteit ervaar, maar minder van 'n bedreiging vir hul welstand as Afrikaners. Dit wil voorkom of die persepsie van onbeheerbaarheid van bedreiging verband gehou het met 'n groter bedreiging vir welstand, maar 'n kleiner bedreiging vir eiesoortige voortbestaan.

In die lig van die negatiewe verwagtinge wat blanke Afrikaanssprekendes in studies soos dié van Manzo en McGowan (1992), Hugo (1988), Bornman (1995) en

die RGN (Ehlers et al. 1996), ten opsigte van die nuwe bedeling gekoester het, was hul oorwegend negatiewe houding teenoor politieke verandering in die onderhawige studie te wagte. Die verband tussen 'n negatiewe houding teenoor die politieke veranderinge en sterk etniese identifikasie bevestig ook vorige bevindinge. Malan et al. (1994) het bevind dat 'n negatiewe houding teenoor sosio-politieke verandering geassosieer word met groter steun op die verwysingsgroep, terwyl Bornman (1995) ook bevind het dat negatiewe houdings oor die algemeen gepaard gaan met sterker binnegroepidentifikasie. Malan et al. (1994) het ook bevind dat 'n negatiewe houding teenoor sosio-politieke verandering geassosieer word met 'n hoër vlak van rassisme. Die beleidsrigtings van meer regse politieke bewegings (selfbeskikking vir die Afrikaner, 'n volkstaat) kan waarskynlik geassosieer word met hoër vlakke van rassisme in vergelyking met meer liberale denkrigtings. Die verband tussen politieke konserwatisme en 'n negatiewe houding teenoor politieke verandering ondersteun dus hierdie bevinding. Individue wat die politieke bestel as onlegitiem en onstabiel beoordeel, het uiteraard ook oorwegend negatiewe houdings teenoor die veranderinge wat gelei het tot dié bestel.

Bostaande bevindinge skets 'n profiel van 'n groep stedelike wit Afrikaanssprekendes redelik vroeg in die postapartheidera. Hoewel daar uitsonderings is, wil dit voorkom of die "gemiddelde" respondent in hierdie studie steeds nie die oorgang na die postapartheid Suid-Afrika besonder positief beleef het nie en voel dat die status en mag van hul etniese groep in die samelewing dramaties afgeneem het. Hulle was oorwegend van mening dat hul etniese groep sal bly voortbestaan, maar het 'n negatiewe belewenis van hul groeplidmaatskap ten tye van die studie gehad. Verdere studies sal bepaal tot watter mate hierdie profiel sal verander namate die nuwe politieke bedeling vorder.

## BIBLIOGRAFIE

Anon 1997. Wat glo Afrikaanse mense? **De Kat**, 12(11):52-5, Mei.

Bornman E 1995. **Etnisiteit in 'n oorgangsperiode: 'n sosiaal-sielkundige studie**. Pretoria. (Ph.D.-proefskrif, UNISA).

Branscombe NR, Wann DL, Noel JG & Coleman J 1993. In-group or out-group extremity: importance of the threatened social identity. **Personality and social psychology bulletin** (19(4):381-8.

Breakwell GM (ed.) 1983. **Threatened identities**. New York: Wiley.

Breakwell GM 1986. **Coping with threatened identities**. London: Methuen.

Brewer MB 1991. The social self: on being the same and different at the same time. **Personality and social psychology bulletin** 17(5):475-82.

Christian J, Gadfield NJ, Giles H & Taylor DM 1976. The multidimensional and dynamic nature of ethnic identity. **International journal of psychology** 11(4):281-91.

Chuen C & Kwok S 1996. Conservative orientation as a determinant of hopelessness. **The journal of social psychology** (135(3):333-47.

Cohen J 1988. **Statistical power analysis for the behavioural sciences** (2nd ed.). London: Lawrence Erlbaum.

De la Rey C 1991. Intergroup relations: theories and positions. In: Foster D & Louw-Potgieter J (eds). **Social psychology in South Africa**. Johannesburg: Lexicon. pp. 27-56.

Duckitt JH 1991. Prejudice and racism. In: Foster D & Louw-Potgieter J (eds). **Social psychology in South Africa**. Johannesburg: Lexicon Publishers. pp. 171-206.

Ehlers D, Hirschfeld I & Schutte C 1996. **Perceptions of current sociopolitical issues in South Africa**. Pretoria: HSRC, Centre for Sociopolitical Analysis.

Ellemers N, Doosje B, Van Knippenberg A & Wilke H 1992. Status protection in high status minority groups. **European journal of social psychology** 22:123-40.

Ellemers N, Van Knippenberg A, De Vries N & Wilke H 1988. Social identification and permeability of group boundaries. **European journal of social psychology** 18:497-513.

Erikson EH 1968. Identity, psychosocial. In: **The international encyclopedia of the social sciences** 8:61-5. New York: MacMillan.

Giliomee H 1992. Broedertwis: intra-Afrikaner conflicts in the transition from apartheid. **African affairs** 91:339-64.

Gleason P 1983. Identifying identity: a semantic history. **The journal of American history** 69(4):910-31.

Grant PR 1992. Ethnocentrism between groups of unequal power in response to perceived threat to social identity and valued resources. **Canadian journal of behavioural science** 24(3):348-70.

Hofmeyr J 1990. **The impact of sanctions on South Africa. Part II: Whites' political attitudes**. Washington, DC.: Investor Responsibility Research Centre.

Hugo P 1988. Towards darkness and death: racial demonology in South Africa. **Journal of modern African studies** 26(4):567-90.

Humphries R, Schlemmer L & Stack L 1990. White politics: constraint or opportunity? **Politikon** 17(1):11-27.

Korf L 1999. **Die sosiale identiteit van 'n groep stedelike Afrikaanssprekendes in die postapartheid Suid-Afrika**. Potchefstroom (D.Phil-proefskrif, PU vir CHO).

Legum C & Legum M 1964. **South Africa; crisis for the West**. London: Pall Mall.

Lian KF 1982. Identity in minority group relations. **Ethnic and racial studies** 5(1):42-52.

Liebkind K 1983. Identity in multiple group allegiance. In: Jacobson-Widding A (ed.). **Identity: personal and socio-cultural**. Stockholm: Almoqvist & Wiksell. pp. 187-204.

Liebkind K 1992. Ethnic identity: challenging the boundaries of social psychology. In: Breakwell GM (ed.). **Social psychology of identity and the self concept**. London: Surrey University Press. pp. 147-86.

Manzo K & McGowan P 1992. Afrikaner fears and the politics of despair: understanding change in South Africa. **International studies quarterly** 36:1-24.

Malan J, Botha K & Du Preez J-P 1994. **Mediating variables in the appraisal of socio-political stressors**. Paper delivered at the 23rd International congress of applied psychology. Madrid, Spain.

Mattes R 1994. Survey unpacks April '94. **Democracy in action** 8(7):12-4.

Milburn TW & Watman KH 1981. **On the nature of threat: a social psychological analysis**. New York: Praeger.

Munro WA 1995. Revisiting tradition, reconstructing identity? Afrikaner Nationalism and political transition in South Africa. **Politikon** 22(2):5-33, Dec.

Peterson BE, Doty RM & Winter DG 1993. Authoritarianism and attitudes toward contemporary social issues. **Personality and social psychology bulletin** 19, 2:174-84.

Robbins EM 1992. **Social identity versus personal identity: an investigation into the interaction of group and personal status with collective and personal self-esteem on ingroup favouritism**. Cape Town: UCT. (M.A. thesis.)

Rodriguez J & Gurin P 1990. The relationship of intergroup contact to social identity and political consciousness. **Hispanic journal of behavioral sciences** 12(3):235-55.

Tajfel H ed. 1978. **Differentiation between social groups**. London: Academic Press.

Tajfel H 1981. **Human groups and social categories**. Cambridge: Cambridge University Press.

Turner J & Brown R 1978. Social status, cognitive alternatives and intergroup relations. In: Tajfel H (ed.). **Differentiation between social groups**. London: Academic Press. pp. 201-34.

Sentrale statistiekdiens 1991. Verslag nr. 03-01-19. Pretoria: Staatsdrukker.

Weinreich P 1983. Emerging from threatened identities: Ethnicity and gender in redefinitions of ethnic identity. In: Breakwell GM (ed.). **Threatened identities**. New York: Wiley, pp. 149-86.